

Kategeet werkblad: 14 Augustus 2011

Teksgedeelte:

Handelinge 9:1-19

Agtergrond:

Die gedeelte wat ons gelees het, is geskryf vir vierde geslag Christene in Efese wat vra: “Wie is ons?” Deel van die “Wie is ons?” vraag is om vir die gemeenskap in Efese te verduidelik hoe Paulus se apostelskap gewerk het en dat hy deur God self ’n apostel gemaak is, al het hy vir ander dalk nie soos die ideale kandidaat gelyk nie.

Die klem van die verhaal is egter dat God aan die werk is. God is verantwoordelik vir sy gemeente en sorg altyd dat ons hoop en lig kan raaksien.

Omdat die mense kon sien wat die pad was wat God met Paulus geloop het kon hulle op God vertrou en weet dat Paulus deel van God se plan met hulle is

Verwagte uitkoms:

Omdat God nog altyd teenwoordig was en is, sal hy ook altyd Sy Kerk in stand hou, ons kan deel wees van hierdie storie. Om deel te wees daarvan, beteken ons vertrou op God. Dit vat die angs weg.

Aksie:

Gee die volgende opdrag aan die kategeseklas (keer hulle asb. net voordat hulle iets onverantwoordeliks aanvang!):

“Gaan klim op die kerk se dak en spring af, die eerste een wat by my terug is, nadat hy/sy van die dak af gespring het – sonder om iets te breek – wen ’n sjokolade!”

- Beheer dan die groep en kyk wat hulle reaksie is (of hulle jou vertrou?).

KEER ASB. DAT DIE KINDERS NIE IN GEVAAR GESTEL WORD NIE! DAAR IS NIE ’N SJOKOLADE NIE!

Reviewing:

Onthou met die reviewing vrae dat al die klasse nie noodwendig by al die vrae kan/gaan uitkom nie. Die jonger grade gaan moontlik net die Diamante en Harte bespreek. Onthou dat die aksie en vrae die boodskap van die erediens ondersteun en daarom kan daar weer hersiening gedoen word van wat tydens die erediens gebeur het. Die vrae word gegee as ’n riglyn om by bg. verwagte uitkoms uit

te kom. Jy kan ook jou eie vrae gebruik. Gedeeltes in [hakkies] dui voorbeeld antwoorde aan, dit is in volwasse taal geskryf en kan nie net so aan kinders oorgedra word nie – jy moet dit jou eie maak!

Diamant vrae:

- Wie van die groep was bereid om van die dak af te spring?
- Wie was nie bereid om van die dak af te spring nie?
- Wat was die dinge wat jou sou bang maak om van die dak af te spring?

Hart vrae:

- Sou jou kategeet vertrou as hy/sy vir jou sê om iets te doen wat nie veilig is nie? Hoekom?
- Wie is die mense wat jy kan vertrou? Hoekom kan jy hulle vertrou?

Skoppens vrae:

- Hoekom kan ons op God vertrou?
- Waarvoor vertrou ons God?
- Op watter kere in die verlede moes jy eerder op God vertrou het?

Klawers vraag:

- Wat gaan jy aanhou doen/stop/anders doen in die toekoms?
- Beteken dit dat wanneer mens op God vertrou, jy net terugsit en niks doen nie? Hoekom?